



BIBLIOGRAFIE

- Adonis J C & Millard Joan A 1994. Christianity in South Africa since 1984. in Hofmeyr, J W & Pillay, G J (Ed.) *A History of Christianity in South Africa*. Haum: Pretoria
- Adonis J C 1982. *Die Afgebreekte Skeidsmuur weer opgehou: Die verstrengeling van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die praktyk en ideologie van die Apartheid in historiese perspektief*. Rodopi:Amsterdam
- Alberts L & Chikane F (ed.) 1991. *The road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town
- Barth K 1925. The Desirability and Possibility of a Universal Reformed Creed. In Smith, L P (Transl.) 1962. *Theology and Church: Shorter Writings, 1920-1928*. Harper & Row: New York. Pp 112-135.
1956. *Church Dogmatics. Volume 1. The doctrine of the Word of God. Prolegomena to Church Dogmatics. 2nd half-volume*. Trans. Thomson, G T & Knight, H K. T&T Clark: Edenburg
1962. The desirability and possibility of a universal reformed creed. In *Theology and Church: Shorter Writings, 1920-1928*. Transl. Smith, L P. Harper & Row: New York.
2002. *The Theology of the Reformed Confessions*. Trans. Guder DL & Guder JJ. Culombia Series in Reformed Theology. Westminster John Knox: London
- Bosch, D J 1991. *Transforming Mission, Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis.
- Bosman, D B, Van der Merwe, I W en Hiemstra L W 1984. *Tweetalige Woordeboek. Bilingual Dictionary*. (8ste uitg.) Tafelberg: Kaapstad
- Botha, A J 1984. *Die evolusie van 'n volksteologie*. Gepubliseerde proefskrif. UKW Drukkery: Bellville
- Botha, D P 1981. Die sendingsituasie. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.). *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad 92-97
- Botha, J G 1991. Belhar: Yes or no? Reformed Ecumenical Synod: *Theological Forum*. 19(2)
1995. Belhar-belydenis – dwaallig of die evangelie uit Nasaret? *Kerkbode* 24 November B-D6
- Botha, J 1998a. Belhar, 'n staf om vandag en môre mee te gaan. In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria 38-57
- 1998b. Belhar, waarvandaan? In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria 23-37

2007. Mekaar se broers en susters, omdat Jesus dit wil! 'n Perspektief op die storie van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) vanaf 1994 tot 2006. In Nel R en Du Toit H (red.) *Ons Pelgrimstog na eenheid/Our Pilgrimage to unity: Conversations on healing and reconciliation within the Dutch Reformed Church Family*. Universiteit Pretoria Drukkery: Pretoria
- Botha, J & Naudé, P 1998. *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria
- Breytenbach, J A 1991. *Bewuswording en motief: 'n Ekklesiologiese ondersoek en tipering van die kerkgeskiedskrywing in die NGSK*. Ongepubliseerde Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Britz, R M 1998. Belhar verskil van ons Belydenisskrifte. *Kerkbode* 5 Junie:A-E13
- Bruwer, E 1981. Die sendingsituasie: Kommentaar. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P Storm-kompas: *Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad 97-103
- Burger, C 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Reeks: Gemeente en Bediening 4. BUVTON:Stellenbosch
2005. Kerke moet praat oor verlede se pyn: Evangelie se krag kan wonde in NG familie genees. Godsdiens aktueel. *BEELD* 31 Januarie p. 12
- Busch, E 2002. Preface. In Barth, K. *The Theology of the Reformed Confessions*. Trans. Guder DL & Guder JJ. Culombia Series in Reformed Theology. Westminster John Knox: London. vii-x
- Chikane F 1991. Understanding the South African reality. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 47-61
- Cloete G D en Smit D J (samestellers) 1984. *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. Tafelberg: Kaapstad
- Conradie H 2005. *Die Belydenis van Belhar: Waarom gaan dit?* Hurter: Hermanus
- Crafford D 1982. *Aan God die dank: Geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate. Deel 1*. NGKB: Transvaal
- Cronjé J M 1981. *Aan God die dank: Geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk. Deel 2. Buite die Republiek van Suid-Afrika*. NGKB: Transvaal

- Daniels, A 2001. Bybelgebruik in die Belharbelydenis se artikel oor 'Eenheid'. In *Scriptura* 77, 193-209.
- Danzfuss, T 1998. *Belhar – Bely of Bestry?* Pretoria: Veritas.
- De Gruchy J W 1994. The Nature, Necessity and Task of Theology. In De Gruchy, J W & Villavicencio, C (ed.) *Doing Theology in Context: South African Perspectives. Theology and Praxis*. Vol. 1. pp 2-14.
- Deist, F E 1984: *A concise dictionary of theological and related terms: with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list*. J L van Schaik: Pretoria
- Doekes, L 1979. *Credo: Handboek voor de Gereformeerde Symboliek*. Ton Bolland: Amsterdam
- Dulles, A 1974. *Models of the church*. Image: Garden City
- Du Plessis, J 1965. *A History of Christian Missions in South Africa*. C. Struik, Kaapstad.
- Durand, J J F 1961. *Una Sancta Catholica in sendingperspektief. 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. W. Ten Have N.V., Amsterdam.
- 1984a. 'n Belydenis – was dit werklik nodig?, in Cloete, G D en Smit, D J (samests.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*, 39-48. Tafelberg: Kaapstad
- 1984b. Belhar – krisispunt vir die NG Kerke, in Cloete, G D en Smit, D J (samests.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*, 123-134. Tafelberg: Kaapstad
2002. Hoe my gedagtewêreld verander het: van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore. *NGTT*. 43(1 & 2) pp 64-70
- Eloff, S 1998. Skriftuurlik en teologiese is Belhar nie waterdig nie. *Kerkbode* 5 Junie A-E12
- Froneman 1982: Gewetenskrisis vir NGK: NG Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid. *Kerkbode* A-D1
- Gaum, F 1997. *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid: 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis*. Hugenote: Wellington
- Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Opgestel deur die Voortsettingskomitee, Mei 1987
- Gerber, J J 2008. *NG Kerk Moderamen: Terugvoer oor konsultasieproses*. Kemptonpark: 18 Maart 2008
- Goheen, M W 2000. *"As the Father Has Sent Me, I Am Sending You": J. E. Lesslie Newbigin's Missionary Ecclesiology*. Doctoral Thesis. University of Utrecht.

2002. The Missional Church: Ecclesiological discussion in the Gospel and Our Culture Network in North America. *Missiology: An International Review*. 30(4) 479-490
- Gouldner, A W 1980. *The Two Marxisms*. Oxford University Press: New York
- Guder, D et al 1998. *Missional Church: A vision for the sending of the church in North America*. Eerdmans: Grand Rapids
- Hartveld, G P 1991. *Symboliek: Een beschrijving van kernen van Christelijk belijden*. Kok: Kampen
- Hanekom T N 1972. *Die ontwikkeling van selfstandige lewenspatrone as verhoudingsprobleem tussen die Gereformeerde kerke in Nederland en in die Nederlandse Kolonies*. Referaat gelewer voor Teologiese Kring, Stellenbosch 1972.
- Hendriks, H J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente*. Hugenote: Wellington
- Henning, E, Van Rensburg, W & Smit, B 2004. *Finding your way in qualitative research*. Van Schaik: Pretoria
- Heyns, J A 1984. *Dogmatiek*. NG Kerkboekhandel: Goodwood
1988. Ope brief aan dr. Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu. *Kerkbode* 18 November B-E6
- Hofmeyr, J W 2002. 1962: Een liggaam en een Gees. In Hofmeyr G S (red.) *NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Lux Verbi BM: Kaapstad p198-199
- Hofmeyr, J W & Van der Linde, H H 2007. Historiese vlug rondom kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. In Nel R en Du Toit H (red.) *Ons Pelgrimstog na eenheid/Our Pilgrimage to unity: Conversations on healing and reconciliation within the Dutch Reformed Church Family*. Universiteit Pretoria Drukkery: Pretoria
- Hofmeyr, J W, Millard J A & Froneman C J J (reds) 1991. *History of the Church in South Africa. A Document and Source book*. Pretoria: UNISA
- Jonker, W D 1976. *Die Woord as opdrag*. NG Kerkboekhandel: Pretoria
1991. Understanding the Church situation and obstacles to Christian witness in South Africa. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 87-98
1993. *Bevrydende Waarheid: Oor die karakter van die gereformeerde belydenis*. Hugenote Uitgewers: Wellington
- Joyce, P 2000. *Suid-Afrika in die 20ste Eeu: Een Honderd Jaar in Oënskou*. Struik: Kaapstad
- Kairos Document* 1986. Revised Second Edition. Johannesburg: Skotaville

- Kane, J H 1978. *A Concise History of the Christian World Mission: A Panoramic View of Missions from Pentecost to the Present*. Baker Book House: Michigan
- Keta, D T, Hoffman, A M & Ramolahlehi, M J 2007 The story of the NGKA and it's decisions concerning unification. In Nel, R en Du Toit, H. *Ons Pelgrimstog na eenheid: Our Pilgrimage to unity*. Dept Kerkgeskiedenis: UP
- Kinghorn, J (red) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. MacMillan: Johannesburg
- 1986b. Konsolidasie, rasionalisasie en dogmatisering. In Kinghorn J (red) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. MacMillan: Johannesburg 117-143
- Kirk, J A 1999. *What is mission? Theological explorations*. Darton, Longman & Todd: London
- Kleynhans, E P J 1998. Waarom stem u so? *Kerkbode* 5 Junie B13
- Kraemer, H 1947. *The Christian Message in a Non-Christian World*. (2nd Ed.) Published for International Missionary Council. Edinburg House Press: London
- Kriel, CJ 1981. *Die Eerste Eeu: Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika – 5 Oktober 1881 – 5 Oktober 1981*. N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Goodwood Kaap. pp 180
- Loff, C J A 1998. *Bevryding tot eenwording: Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994*. Proefskrif: Theologiese Universiteit van de Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen.
- Malan, D F 1959. *Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op pad daarheen*. Nasionale Boekhandel:Kaapstad
- Mann, A 1998. *The in-between church: Navigating size transformation in Congregations*. Alban Institute
- Meyer, E E 2000. Interpreting Luke with the confession of Belhar. in *Scriptura*, 72/1, 113-120
- Meyer, E E 1997. *Die interpretasie van die Ou Testament in die Belydenis van Belhar*. Ongepubliseerde skripsie (B.D.). Universiteit van Stellenbosch.
- Meiring, P 1975. *Stemme uit die swart kerk: Gesprekke met dertien geestelike leiers*. Tafelberg: Kaapstad
- Meiring, P 1981. In die konteks van Afrika. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.). *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad
- Meiring, P & Lederle, H I (sames.) 1979. *Die eenheid van die Kerk*. Tafelberg:Kaapstad
- Moreau, A S 2000. Mission and Missions. In *Evangelical Dictionary of World Missions*. Moreau, A S (gen. ed.) Baker: Michigan pp 636-638

- Müller B A 2006. The role of worship and ethics on the road towards reconciliation. *Verbum et Ecclesia*. 27(2) pp641-663
- Naudé, P 1998. Belhar se ontvangs in die NG Kerk. In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik: Pretoria 77-89
2001. Om steeds nuut oor God te praat. in Meiring, P (red.) *So glo ons: gelowig nagedink oor God, die Bybel en ons leefwêreld*. 15-27 CUM: Kaapstad
2003. "A gift from heaven" – the reception of the Belhar Confession in the period 1982-2000 and its ecumenical significance today. *NGTT* 44 (3/4). pp407-420.
- Naudé, P & Botha, J 1998. Jesus is die Here! In Botha, J & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik: Pretoria
- Naudé, P & Pratt, D 2003. South Speaks to South: a New Zealand response tot the kerygma of Belhar. *NGTT* 44 (3/4). pp421-432
- Nel, A 1995. Is die Belharbelydenis 'n belydenisskrif? in Lombard, C en Hunter, J (reds.) *Kom ons word een*, 81-99 EIN: Windhoek
- Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion
- Newbigin, L 1989. *The Gospel in a Pluralist Society*. Grand Rapids: Eerdmans.
- NG Kerk 1974. *Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*.
- NGSK 1988. *Die Belydenis van Belhar TD 2/1*. Publikasie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk.
- Nicholls, B J 1979. *Contextualization: A theology of gospel and culture*. InterVarsity Press: USA.
1988. Contextualization. In Ferguson, S B and Wright, D F (ed.) *New Dictionary of Theology*. Inter-Varsity: England. (164-167)
- Noll, M A (ed.) 1991. *Confessions and Catechisms of the Reformation*. Apollos: England
- Pretorius, M 1988. Die resultate van die stryd. In Die kerklik-godsdienstige stryd van die Afrikaner gedurende die afgelope 150 jaar. *Bybel en Volk* 3(4) 30-37
- Robinson P J 1984. Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief. In Cloete G D en Smit D J. (red.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. 49-59.
- Robinson P J & Botha J G 1986. *Wat is sending? 'n Werkswinkel vir die Familie van NG Kerke*. Publikasie van die SKGA van die NSGK en Dept. Missiologie UWK.
- Schaff, P c1919. *The creeds of Christendom : with a history and critical notes. Vol I-III*. Harper: New York.
- Sears, D O et al 1988. *Social Psychology*. 6th ed. Prentice-hall: London

- Scherer, JA & Bevans, SB (Red.) Basic Statements 1974-1991. Vol.1. In *New Directions in Mission and Evangelization*.
- Schreuder N 2002. 1994. Toekomsskok of toekomsvisie? In Hofmeyr G S (red.) *NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Lux Verbi BM: Kaapstad p226-227
- Smit D J 1984. Wat beteken status confessionis? In Cloete G D en Smit D J (red.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. Tafelberg: Kaapstad pp 14-38
2000. Versoening en Belhar? *Gereformeerde Theologiese Tijdschrift* 100, 159-174.
2006. *Die Gereformeerde siening van belydenis? Enkele algemene gedagtes* beskikbaar vanaf: <http://www.ngkok.co.za/KonventAlgemeen/OpmerkingsOorBelydenis_SmitDJ_2006.pdf> [toegang: 10 Julie 2008]
- Smith N J 1972. *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Proefskrif: Universiteit Stellenbosch.
- Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.) 1981. *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad.
- South African Demographic and Health Survey 1998*. beskikbaar vanaf: <<http://www.doh.gov.za/facts/1998/sadhs98/>> [toegang: 10 Julie 2008]
- Sukdaven, M 2006. *Inclusive Or Exclusive? A Missiological Analysis Of Congregations In The Reformed Church In Africa*. Magister Thesis. University of the Freestate.
- Sweet, L 2007. The Missional Church. In *The Canadian Baptist*. Spring 2007.
- Ukpong, J S 1987a. Contextualisation: A Historical Survey. *The African Ecclesial Review*. 29:5 pp 278-86
- 1987b. What is Contextualization? *Neue Zeitschrift für Missionswissenschaft*. 43, pp 161-168.
- Van der Linde H H 2002. *'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die Kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie*. Ongepubliseerde Proefskrif: Universiteit Pretoria
- Van der Watt, G 2003. Die Sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk: Enkele tendense vanaf 1952 tot met die eeuwenteling. in *Verbum et Ecclesia* 24(1) 213-231
- Van der Watt, P B 1989. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1905 Deel 1-3*. NGKB:Pretoria
- Van Niekerk A C J 1989. *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse Sosiale Etiek: 'n Vergelykende ondersoek na 'The Kairos Document', die 'Evangelical Witness', 'Die Belydenis 1986' en 'Kerk en Samelewing'*. DD Proefskrif: Universiteit van Pretoria

1996. Moet ons die Belydenis van Belhar (1986) as 'n nuwe Belydenisskrif aanvaar? *Skrif en Kerk* 17(2) 443-455.

Van Niekerk, A S 1982. *Dominee, are you listening to the drums?* Tafelberg: Cape Town

1987. The Kingdom dimension in the church's mission. *Missionalia*.15(3)123-133.

1992. *Saam in Afrika*. Tafelberg: Cape Town

1996. *Anderkant die reënboog*. Tafelberg: Cape Town

2004. "Die interafhanklikheid en spanning tussen die bevordering van versoening en die bekamping van armoede". *NGTT* (Deel 45, no. 3/4) September, Desember. pp 728-741

Verkuyl, J 1981. *Inleiding in die nuiewere Zendingswetenskap*. Kampen: Kok.

Vroom, HM & Tennekes, J (red.) 1989. *Contextualiteit en Christeljk Geloof*. Kampen: Kok

WARC, 1983a. Ottawa 1982, Proceedings of the 21st General Council, Geneva:, pp.176-180.

1983b. Called to Witness to the Gospel Today. Studies from the World Alliance of Reformed Churches 1, Geneva:, pp.26-30.

Wessels, F 1998. Belhar – struikelblok of fondament? *Kerkbode*, 19 Junie. A-E11.

Williams H H 2006. *J A Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid*. Proefskrif: Universiteit van die Vrystaat

Woods D 2006. *Suid-Afrika: Oes die stormwind van volksgodsdienst*. Struik Christelike Boeke: Kaapstad

Wright, D F 1988. Theology. In Ferguson, S B & Wright, D F (ed.) *New Dictionary of Theology* Inter-Varsity Press: England pp680-681

Kerkbode artikels sonder outeur:

Eenheidsgesprek gaan gebuk onder spanning 2006. *Kerkbode* 14 September Hoofberig.

Gewetenskrisis vir NGK: NG Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid 1982. *Kerkbode* 6 Oktober.

Noorde sê oor hereniging. *Kerkbode* 22 Februarie 2008 A-C3.

Sendingkerk se konsep-belydenis 1982. *Die Belydenis* 1982. *Kerkbode* 15(134). 13

Tai jaar wat op gesprekke oor eenheid 2008. *Kerkbode* 25 Januarie A-E1

Tyd van beslissing oor die Belydenis van Belhar 1998. *Kerkbode* 20 Februarie 4. Redaksie

Van verleentheid tot geleentheid 2008. *Kerkbode* 22 Februarie A-E3

Bronne van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:

NG Kerk 1974. *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif.*

NG Kerk 1982a. *Handelinge Algemene Sinode.*

NG Kerk 1982b. Die Herderlike brief van die Algemene Sinode aan die Ned. Geref. Kerk.
Kerkbode 17 November E6-F7

NG Kerk 1986. *Notule Algemene Sinode*

NG Kerkraad Langebaanweg 1998. Langebaanweg aanvaar Belhar. *Kerkbode 5 Junie A12*

NG Kerkraad Joubertina 1998. Joubertina aanvaar nie Belydenis van Belhar nie. *Kerkbode 19 Junie D8*

NG Kerk 1990. Algemene Sinode. *Kerk en Samelewing 1990: 'n Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Algemene Sinodale Kommissie.

NG Kerk 1990. *Handelinge Algemene Sinode.*

NG Kerk 2004a. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite*

NG Kerk 2004b. *Algemene Sinode. Besluiteregister*

NG Kerk 2007a. *Algemene Sinode. Agenda*

NG Kerk 2007b. *Kerkhereniging van die familie van NG Kerke: Inligting oor die voortgaande konsultasieproses.*



BYLAE 1

DIE BESLUIE VAN DIE NED. Geref. SENDINGKERK WAT AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK OORGEDRA IS IN 1982

BYLAE 1

II DIE N.G. SENDINGKERK EN APARTHEID

('n Prinsipiële Besinning)

1. VERSOENING EN APARTHEID

Stelling: Die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika is 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word, en waarin ten spyte val) vermeende goeie bedoelinge die hebsug en vooroordeel van mag hebbers en bevoorregtes ten koste van magtelose en minderbevoorregtes verskans word.

Verantwoording

In "apartheid" gaan dit om mense wat apart staan, **wat apart van mekaar gehou word.**

"Die moontlikheid dat die groepe bymekaar gebring **kan** word en dat 'n vreedsame naasbestaan die spanning en stryd **kan** vervang, word prinsipiël afgewys. Daarom moet mensegroepe sover as wat dit moontlik is, selfs deur wetgewing as dit moet, uitmekaar gehou word, omdat hulle bymekaarbring noodwendig lei tot konflik en die wedersydse bedreiging van mekaar."

Die gebruik van "eiesoortige ontwikkeling" in 'n poging om die gehate "apartheid" as term te vervang, bring in wese geen verandering aan die basiese uitgangspunt nie: die eie ontwikkeling moet steeds apart plaasvind, omdat die een se ontwikkeling 'n bedreiging is vir die ander s'n. Eweneens is die gesamentlike ontwikkeling 'n bedreiging vir die eie ontwikkeling.

In die lig van hierdie onveranderde uitgangspunt verbaas dit nie dat die poging om meer aandag te vra vir die positiewe aspekte van apartheid telkens stukkend breek teen die realiteit dat die bevoorregting in die ontwikkeling elke keer swaar oorhel na die kant van die wit bevolkingsdeel nie.

Die keuse van die term: onversoenbaarheid in die sinodebesluit van 1978 was doelbewus. Daardeer vertaal die Sinode sy getuienis in terme van sy eie terrein, dié van kerk en teologie. Immers, onversoenbaarheid staan teenoor die gedagte van versoening; die hartaar van die Christelike evangelie en juis daarom ook die hartaar van die bestaan en die verkondiging van die kerk.

Die sigbare effek van die versoening tussen God en mens is gevolglik die bestaan van die kerk as 'n versoende gemeenskap van mense, 'n eenheidsgemeenskap. Aan hierdie kerk is die boodskap van versoening toevertrou. Aan hierdie kerk is die boodskap van versoening toevertrou. Aan die wêreld en die mense wat daarop woon, word die uitnodiging gerig om hulle ook met God en so ook met mekaar te versoen. In Christus, sê die Kerk, het daar nuwe hoop en 'n nuwe moontlikheid vir die wêreld gedaag.

Dit is nie die sonde en die haat, die vyandskap en die geskeidenheid wat die laaste woord hoef te spreek nie, maar versoening en vrede. Christus het dit moontlik gemaak. (Vgl. onder andere Ef. 2:11-22; 1 Joh. 3:11-24 en 4:7-21).

Die kerk sal altyd getuig dat geen samelewingsordering van die fundamentele onversoenbaarheid van mense en mensegroepe mag uitgaan en 'n samelewingsbestel op so 'n uitgangspunt mag baseer nie. So 'n uitgangspunt bind die mens aan sy verlede van vyandskap en haat. . . . dit ontkragtig die evangelie.

Ons bied nie een of meer Bybeltekste aan nie. Met Bybeltekste kan te maklik omgesprong word, soveel so dat dit selfs moontlik was om vir baie jare vol te hou dat apartheid Skriftuurlik is op grond van eintlik net twee: die verhaal van die toring van Babel (Gen. 11:1-9) en Hand. 17:26.

Nee! die toetssteen vir apartheid is die sentrale bybelse boodskap van versoening. As dit hier faal, kan enkele desperate Bybeltekse dit nie red nie. Trouens dan word die tradisionele uitleg van sodanige tekse self grondig bevraagteken.

2. DIE SINODEBESLUIT VAN 1978 I.V.M. APARTHEID

In aanvulling tot die teologiese stelling i.v.m. **onversoenbaarheid**, gaan die Sinode verder en toon aan dat die sisteem wat uit so 'n beleid (gegrond op onversoenbaarheid) voortkom noodwendig moes lei en gelei het, tot 'n toenemende polarisasie tussen mense. Dit doen meer as om hulle net uitmekaar te hou. Dit verwyder hulle verder van mekaar. Dit polariseer en skep konflik. Op sy beurt word die konflik gebruik as 'n alibi om die skeiding ten alle koste te handhaaf. So word almal ingetrek in 'n bouse kringloop wat net deurbreek kan word met die wysiging van die uitgangspunt.

3. DIE EIS VAN GERECHTIGHEID EN EIE BELANG

Die sinodale besluit gaan nog verder en wys daarop dat die praktyk onteenseglik aangetoon het "dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen nie aan die evangeliese eis dat gerechtigheid aan almal sal geskied nie." Binne 'n sisteem waarin die "eie" en die "afsonderlike" soveel klem kry, gaan die mens inderdaad in die eerste plek na die "eie" omsien. Die gevolg is dat die magtige en bevoorregte nie gewillig is om sy mag en bevoorregting te deel nie, maar inderdaad in die versoeking kom om nog meer na homself te haal. Ten slotte wys die sinode daarop dat deur die apartheidsisteem "nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas is".

4. RASSISME EN APARTHEID

Die kommissie onderskryf die definisie wat soos volg lui: "Rassisme kweek 'n valse gevoel van meerderwaardigheid en is gebaseer op die veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras."

Waar dit gereglementeer is in kerk- en samelewingstrukture verloën dit die gesamentlike menswees van die gelowiges en dit verloën die versoenende en vermenslikende werk van Christus.

In Suid-Afrika steun die apartheid in Kerk en samelewing in 'n groot mate op 'n teologiese en morele regverdiging van die sisteem. Apartheid is dus 'n pseudo-religieuse ideologie sowel as 'n politieke beleid - wat hom laat geld op die terreine van kerk en staat en sodoende die hele Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed en struktureel bepaal.

5. ARTIKEL 9 VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Die bepalende karakter van die pseudo-religieuse ideologie van apartheid maak dit prakties onmoontlik dat dié belydenis "ek glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges" die praktyk van kerklike strukture kan bepaal. Die sekulêre evangelie van Apartheid struktureer in werklikheid die kerkwees en kerkverband van die Ned. Geref. Kerke in S.A.

Aanbeveling wat besluit geword het.

*Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die N.G. Sendingkerk in S.A. dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessiones daarstel.

('n Status Confessiones beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waarvoor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel.)

*Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is.

DIE SINODE VAN 1978 EN OTTAWA

Dit is duidelik dat Ottawa en besluite i.v.m. rassisme en dus apartheid (afsonderlike ontwikkeling) nie 'n alternatief vir die sinodebesluit van 1978 is nie, maar die konsekwensie daarvan.

Die voorstel van die Kommissie oor Status Confessiones word tot stemming gebring en aanvaar.

Hierna stel prof. G. Bam die volgende aan die vergadering, nl.

"Die vergadering het so pas 'n besluit van ingrypende betekenis geneem. Dit is 'n heilige oomblik. Deur die afkondiging van 'n status confessiones sê die Sinode:

Ek het nou op 'n plek gekom waar ek apartheidsreëlinge oor my lewe, beide vanweë die staat en die kerk, verstaan en beleef as 'n uitvloeisel van opvattinge en oortuiginge wat direk strydig is met die evangelie van Jesus Christus soos ek dit verstaan. Ek ervaar die geloofsbotsing so skerp dat dit my dwing tot belydenis en afwysing van die valse leer wat my bedreig.

Ek bevind my in 'n situasie waar ek óf konfrontierend bely teen die magte wat dreig om my geloofsbelydenis in sy wese te neutraliseer en kragteloos te maak, óf swyg en verval tot niks.

Status confessiones word nie daargestel deur die omvang van armoede of deur die pyn van veronregting nie maar slegs deur 'n besondere bedreiging van die geloof.

Maar, daar is 'n tweede element. Wanneer ek my in 'n status confessiones bevind dan moet die woord wat op hierdie plek spreek die status en die karakter van belydenis hê. Dis nie maar 'n besluit wat ek neem, of 'n beleidsverklaring wat ek uitvaardig, 'n administratiewe reëling wat ek tref of 'n prosedure reëling in my onderhandeling met andere nie.

Dit is 'n belydenis op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk. Die ou Christene het in 'n status confessiones gesê: Jesus Christus is die Heer. So het hulle bely teen die Romeinse kreet: Die keiser is heer.

Die Apostoliese Belydenis het gedeeltelik langs die weg gegroei en so ook die klassieke Ekumeniese simbole. Al was dit nie formeel die geval nie, saaklik was dit wel so.

Die Oosterse Leerreëls kom uit 'n Status Confessiones. Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys.

Die verklaring van die belydenissinode van Barmen, 1934, is die jongste belydenis wat uit so 'n situasie ontstaan het. Ek lees vir u die eerste artikel van die belydenis:

Hier hoor ek die taal van belydenis. Dit is die taal wat ons Sondagmôres gebruik: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper, van hemel en aarde".

Nog Ottawa, nog die Tydelike Ekumeniese Kommissie kom tot belydenis en tot afwysing van die dwalinge wat verwerp word. Vir Ottawa was dit nie nodig nie. Die W.A.R.C. is nie 'n kerk nie.

Maar van die kerk vra status confessiones duidelik belydenis en duidelike afwysing. Daar moet simbool geskep word wat deel word van die belydenis van die kerk waardeur die kerk hier en nou homself verklaar, 'n belydenis waarteen die dwaalleer erken kan word.

Daarom broeder voorsitter wil ek die sinode vriendelik versoek om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n belydenis daar te stel en vir goedkeuring aan die sinode voor te lê.

Karl Barth, een van die opstellers van die Barmen verklaring, sê in sy Kerklike Dogmatiek dat so 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.
2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n **protes** van die geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En Daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.
3. Belydenis is nie 'n liriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n **daad** van uitdaging en **konflik**.
4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, en dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie. Belydenis is nooit iets om mee te speel nie, want dit is soos vuur. Laat ons hiermee omgaan soos dit ons pas met heilige dinge."

Die volgende voorstel ingedien deur die leraars van Douglas en Hopetown, nl.:

"Om die verlof van dr. G. Bam te vra om dit wat hy aan die vergadering voorgehou het oor die Status Confessiones en die daarbypassende belydenis te mag opneem in die notule van die Sinode,"

word aanvaar:

Die voorstel ingedien deur die mede-leraars van Beaufort-Wes Dos, nl.:

"Die H.E. Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie om as uitvloeisel van die afkondiging van 'n status confessiones teenoor apartheid 'n belydenis voor te berei wat nog voor hierdie sinode moet dien," word onbestrede aanvaar. Dit word gereël dat die Moderatuur hierdie Kommissie sal aanwys.

BEOORDELING VAN POSISIE VAN N.G. KERK

Die N.G. Kerk glo na die Sinode se oortuiging in die ideologie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk besluit van 1978 (soos prinsipiële beredeneer in Afdeling II) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die N.G. Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologiese geformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk.

Die N.G. Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie "terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie." 1 Kor. 9:27.

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE N.G. SENDINGKERK EN DIE N.G. KERK IN TERME VAN DIE STATUS CONFSSIONES - BESLUIT

1. Dat die Sinodebesluit insake die Status Confessiones amptelik by die Algemene Sinodesitting van die N.G.K. in Pretoria oorhandig sal word om ook deurgegee te word aan die onderskeie streeksinodes.
2. Dat die N.G. Sendingkerk dit betreur dat ons **bande** met die N.G. Kerk nou ernstig in die gedrang is. Die H.E. Sinode oordeel dat die pad van versoening alleen bewandel kan word indien die N.G. Kerk haar skuld bely, wat betref die verskaffing van morele en teologiese be-gronding van apartheid en haar berou konkreet toon deur die konsekwensies van sodanige skuldbelydenis in kerk en staat uit te werk. Daarmee ontken die N.G. Sendingkerk nie sy eie skuld aan die situasie nie en verklaar hom bereid om in liefde en vergifnis met die N.G. Kerk op weg te gaan in 'n soeke na 'n uitbouing en nie 'n verbreking nie van ons verhouding. Ons versoek die N. G. Kerk dringend om saam te werk om dit vir ons moontlik te maak. Die N.G. Sendingkerk se diepste bede is dat die N.G. Kerk hierdie weg van bekering sal bewandel en nie sal toelaat dat die bande verbreek word nie,"
3. Dat die N.G.S.K. haar rol as profeet en priester teenoor die N.G.K. in S.A. (algemeen) met pastorale bewoëndheid sal vervul. Met alle weë en kanale tot haar beskikking sal ywer om die N.G.K. te begelei tot erkenning van haar aandeel en skuld in die totstandkoming en vestiging van die pseudo religieuse apartheidsideologie en politieke beleid wat mense van hulle menswaardigheid beroof het en onnoembare leed en lyding vir talle en talle mense tot gevolg gehad het en steeds het.
4. Dat die N.G. Sendingkerk in S.A. die N.G. Kerk in S.A. die woorde van 2 Kronieke 7: 13 en 14 toeroep; Die Here sê:

"As Ek die hemel toesluit dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eef, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."

Daarom in diepe bewoëndheid en ootmoed buig ons voor die Here met ons eie skuld en aandadigheid aan die onversoendheid tussen gelowiges in ons familie en ons bely dat ons dié waarheid op vele maniere van u teruggehou het. Ons veroordeel u nie, sodat ons nie dalk self veroordeel word nie.

Ons skuld u niks anders as die liefde nie, want daarin alleen is die vervulling van die wet. (Rom. 13:8) "Geliefdes, laat ons mekaar liefhê: want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God." (1 Joh. 4:7)

Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Geliefdes as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. As ons mekaar lief het, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het

die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan Hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê." (1 Joh. 4 verse)

Ons spreek u as ons suster aan in hierdie taal, omdat die evangelie van DIE LIEFDE wat u aan ons verkondig het, ons gids en troosbron bly.

Sola Scriptura.

BESLUIE OOR UITVOERING

1."Om insake die Status Confessiones hierdie stuk wat die besluit van die N.G. Sendingkerk is, by:

1)Die Algemene Breë Moderatuur

2)Die Skakelkommissie

3)Die Federale Raad van Kerke en

4)Die Moderature van die Streeksinodes in te handig vir:

1)Studie en besinning en

2)Verklaring dat die N.G. Kerk weer opnuut in die lig van die besluite van die Hoogerwaardige Sinode weer sy standpunte met betrekking tot apartheid/eiesoortige ontwikkeling in oënskou sal neem en sal herformuleer,"

2."Die Sinode dra dit aan die Moderatuur op om die besluit van die Vergadering oor die Status Confessiones, asook die 1978 besluite oor apartheid en kerkeenheid aan die Algemene Sinode van die N.G. Kerk oor te dra en verlot te vra om dit persoonlik te mag doen in die volle vergadering op 'n tydstip waarop dit nog vir die Algemene Sinode moontlik sal wees om daaraan aandag te skenk,"

Wêreldbond van Gereformeerde Kerke Ottawa Resolution on racism and South Africa 1982

I
God in Jesus Christ has affirmed human dignity. Through his life, death and resurrection he has reconciled people to God and to themselves. He has broken down the wall of partition and enmity and has become our peace. He is the Lord of his church who has brought us together in the one Lord, one faith, one baptism, one God who is the father of us all (Eph. 4:5,6).

The gospel of Jesus Christ demands, therefore, a community of believers which transcends all barriers of race - a community in which the love for Christ and for one another has overcome the divisions of race and colour.

The gospel confronts racism, which is in its very essence a form of idolatry. Racism fosters a false sense of supremacy, it denies the common humanity of believers, and it denies Christ's reconciling, humanizing work. It systematizes oppression, domination and injustice. As such the struggle against racism, wherever it is found, in overt and covert forms, is a responsibility laid upon the church by the gospel of Jesus Christ in every country and society.

At the present time, without denying the universality of racist sin, we must call special attention to South Africa. Apartheid (or "separate development") in South Africa today poses a unique challenge to the church, especially the churches in the Reformed tradition. The white Afrikaans Reformed churches of South Africa through the years have worked out in considerable detail both the policy itself and the theological and moral justification for the system. Apartheid ("separate development") is therefore a pseudo-religious ideology as well as a political policy. It depends to a large extent on this moral and theological justification. The division of Reformed churches in South Africa on the basis of race and colour is being defended as a faithful interpretation of the will of God and of the Reformed understanding of the church in the world. This leads to the division of Christians at the table of the Lord as a matter of practice and policy, which has been continually affirmed save for exceptional circumstances under special permission by the white Afrikaans Reformed churches. This situation brings a particular challenge to WARC.

This is not the first time that the Alliance has dealt with this issue. In 1964 the general council, meeting in Frankfurt, declared that racism is nothing less than a betrayal of the gospel: "The unity in Christ of members, not only of different confessions and denominations, but of different nations and races, points to the fullness of the unity of all in God's coming kingdom. Therefore the exclusion of any person on grounds of race, colour or nationality, from any congregation and part of the life of the church contradicts the very nature of the church. In such a case, the gospel is actually obscured from the world and the witness of the churches made ineffective." In 1970, the general council held in Nairobi confirmed this stance: "The church must recognise racism for the idolatry it is... The church that by doctrine and/or practice affirms segregation of peoples (e.g. racial segregation) as a law for its life cannot be regarded as an authentic member of the body of Christ." This strong language by WARC was not heeded by the Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk who were mentioned by name, and it was not given any follow-up by WARC itself.

The WARC general council meeting in Ottawa 1982 declares:

The promises of God for his world and for his church are in direct contradiction to apartheid ideals and practices. These promises, clearly proclaimed by the prophets and fulfilled in Christ, are peace, justice and liberation. They contain good news for the poor and deliverance for the oppressed, but also God's judgement on the denial of rights and the destruction of humanity and community.

We feel duty bound by the gospel to raise our voice and stand by the oppressed. "None of the brethren can be injured, despised, rejected, abused, or in any way offended by us, without at the same time injuring, despising and abusing Christ by the wrongs we do... We cannot love Christ without loving Him in the brethren" (Calvin).

In certain situations the confession of a church needs to draw a clear line between truth and error. In faithful allegiance to Jesus Christ it may have to reject the claims of an unjust or oppressive government and denounce Christians who aid and abet the oppressor. We believe that this is the situation in South Africa today.

The churches which have accepted Reformed confessions of faith have therefore committed themselves to live as the people of God and to show in their daily life and service what this

means. This commitment requires concrete manifestation of community among races, of common witness to injustice and equality in society, and of unity at the table of the Lord. The Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk, in not only accepting, but actively justifying the apartheid system by misusing the gospel and the Reformed confession, contradict in doctrine and in action the promise which they profess to believe. Therefore, the general council declares that this situation constitutes a status confessionis for our churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed churches. We declare, with black Reformed Christians of South Africa that apartheid ("separate development") is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the gospel, and in its persistent disobedience to the word of God, a theological heresy.

||

1. The WARC general council affirms earlier statements on the issue of racism and apartheid ("separate development") in 1964 and 1970, and reiterates its firm conviction that apartheid ("separate development") is sinful and incompatible with the gospel on the grounds that:
 - a. it is based on a fundamental irreconcilability of human beings, thus rendering ineffective the reconciling and uniting power of our Lord Jesus Christ;
 - b. in its application through racist structures it has led to exclusive privileges for the white section of the population at the expense of the blacks; and
 - c. it has created a situation of injustice and oppression, large-scale deportation causing havoc to family life, and suffering to millions.

Apartheid ("separate development") ought thus to be recognized as incurring the anger and sorrow of the God in whose image all human beings are created.

1. The general council expresses its profound disappointment that despite earlier appeals by WARC general councils, and despite continued dialogue between several Reformed churches and the white Dutch Reformed churches over twenty years, the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika have still not found the courage to realize that apartheid ("separate development") contradicts the very nature of the church and obscures the gospel from before the world; the council therefore pleads afresh with these churches to respond to the promises and demands of the gospel.
2. The general council has a special responsibility to continue to denounce the sin of racism in South Africa as expressed in apartheid ("separate development"). It is institutionalized in the laws, policies and structures of the nation; it has resulted in horrendous injustice, suffering, exploitation and degradation of millions of black Africans for whom Christ died; and it has been given moral and theological justification by the white Dutch Reformed churches in South Africa who are members of WARC and with whom we share a common theological heritage in the Reformed tradition.
3. Therefore, the general council, reluctantly and painfully, is compelled to suspend the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika from the privileges of membership in WARC (i.e. sending delegates to general council and holding membership in departmental committees and commissions), until such time as the WARC executive committee has determined that these two churches in their utterances and practice have given evidence of a change of heart. They will be warmly restored to the full privileges of membership when the following changes have taken place:
 - a. Black Christians are no longer excluded from church services, especially from holy communion;
 - b. Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of apartheid ("separate development");
 - c. Unequivocal synod resolutions are made which reject apartheid and commit the Church to dismantling this system in both church and politics.

The general council pays respect to those within the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika who have raised their voices and are fighting against apartheid; the general council further urges member churches to pray that these efforts bearing witness to Christ, who frees and unites, may prevail within their churches.

The general council asks the WARC executive committee to keep this whole issue regularly under review.

|||

Even as we say these things, we, delegates at the general council, confess that we are not without guilt in regard to racism. Racism is a reality everywhere and its existence calls for repentance and concerted action. And so, certain questions emerge for our churches:

- a. How do we combat racism in our own societies and our own churches?
- b. How do we come to understand our complicity in the racist structures of South Africa through the economic involvement of especially Western European and North American countries and churches?
- c. How do we remain sensitive to the insidious way in which racism and social injustice are so often excused in the name of economic interest and national security?
- d. How can we give concrete manifestation to our concern for and solidarity with the victims of racism in South Africa and elsewhere in their struggle for justice, peace, reconciliation and human liberation?
- e. Churches should endeavour to develop relationship with black Reformed churches in South Africa and with churches and Christians (black and white) who are engaged in this struggle.
- f. In expressing solidarity with those who struggle for justice in this situation, we also ask the churches to struggle with the painful and difficult questions of how to witness to the reconciling grace of God for those whom we see as oppressive and in error.

BYLAE 3 THE LAUDIUM DECLARATION

1. BIBLICAL GOSPEL

We affirm that the biblical Gospel is God's enduring message to our world, and we determine to defend, proclaim and embody it.

We affirm our commitment to the primacy of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that evangelism is not an option but an imperative.

We affirm that men are born in sin and guilty, and lost without Christ and totally depraved.

We affirm that religions and ideologies are not alternative paths to God, and there is no other name given among men whereby we can be saved but the name of Jesus.

We reject as derogatory to Christ and the Gospel every kind of syncretism and dialogue which implies that Christ speaks equally through other religions and ideologies. To proclaim Jesus as Saviour of the world is not to affirm that all men are either automatically or ultimately saved.

2. HOLY SPIRIT'S WITNESS

We affirm that the Holy Spirit's witness to Christ is indispensable to evangelism and that without His supernatural work new birth and new life is not possible and all our endeavours fruitless.

We affirm that we who proclaim the Gospel must exemplify it in a life of holiness and love; otherwise our testimony loses its credibility.

We affirm the constant need for revival and determine to seek God's face constantly for revival in our own lives, in the life of the RCA, and in the church of South Africa at large.

We affirm that nothing commends the Gospel more eloquently than a transformed life and nothing brings it into disrepute so much as personal inconsistency. We determine to live worthy of the Gospel of life.

3. EVANGELISTIC WITNESS AND COMPASSIONATE SERVICE

We affirm that the congregation of believers should turn itself outward to its local community in evangelistic witness and compassionate service.

We affirm that God has committed the whole Gospel to the whole world and to every member the task of making Christ known throughout the world. We long to see all lay and ordained persons mobilised and trained for the task. We determine to proclaim the

Gospel faithfully, urgently, passionately and sacrificially, until He comes.

We affirm that we must demonstrate God's love visibly by caring for those who are deprived of justice, dignity, food and shelter. Governments, religious bodies and nations will continue to be involved with social responsibilities but should the church fail in her mandate to preach the Gospel no other body will do so.

4. UNITY

We affirm our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immediate circle of our church we will foster structural unity with those who share the same confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Africa.

We affirm that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the church the barriers of race, gender and class. We affirm that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness.

5. PROPHETIC WITNESS

We affirm that the proclamation of God's kingdom of justice, peace and holiness demands the denunciation of all injustice, oppression and immorality. We will not shrink from this prophetic witness.

We affirm the freedom in Christ of the church of Jesus Christ and refuse the alignment of the church to any ideology or current political trend, power or movement.

We affirm our solidarity with those who suffer for the Gospel and will seek to prepare ourselves for the same possibility.

We affirm the right of the believer to conscientious objection. In our demonstration and witness against evil we determine not to use carnal weapons but to act in the spirit of Christ and through



spiritual warfare and constant prayer enter into Christ's victory over the principalities and powers of evil.



BYLAE 4 DIE BELYDENIS VAN BELHAR, 1986¹

Die Belhar Belydenis is in 1986 amptelik deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suider Afrika aanvaar. Dit het gevolg op die afkondiging van 'n status confessionis in 1982, in verband met die verwerping van die verdediging van apartheid op morele en teologiese gronde.

Artikel 1

Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

Artikel 2

Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ons glo

- n dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;¹
- n dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is;
- n dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;²
- n dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;³
- n dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees,
 - è daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen;
 - è daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;⁴
 - è daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel en saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken;
 - o saam opgebou word tot die gestalte van Christus,
 - o tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul;
 - o mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;⁵
- n dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie;

¹ Hierdie belydenis kom voor in Cloete & Smit 1984. In hierdie bylae is die belydenis voorsien van "bullets" om die lees van die verskillende dele te vergemaklik. Die begeleidende brief verskyn onderaan.

1. Ef 2:11–22

2. Ef 4:1–16

3. Joh 17:20, 23

4. Fil 2:1–5; 1 Kor 12:4–31

5. Joh 13:1–17; 1 Kor 1:10–13; Ef 4:1–6; Ef 3:14–20; 1 Kor 10:16–17; 1 Kor 11:17–34; Gal 6:2; 2 Kor 1:3–4

- n dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;⁶
- n dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

Daarom verwerp ons enige leer

- n wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsoluttering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;
- n wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;
- n wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;
- n wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

Artikel 3

Ons glo

- n dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;
- n dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees;
- n dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is;
- n dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;⁷
- n dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het;
- n dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;⁸
- n dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;
- n dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.

6. Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11; Ef 4:7-13; Gal 3:27-28; Jak 2:1-13

7. 2 Kor 5:17-21; Matt 5:13-16; Matt 5:9; 2 Pet 3:13; Open 21-22

8. Efes 4:17-6:23; Rom 6; Kol 1:9-14; Kol 2:13-19; Kol 3:1-4:6



Artikel 4

Ons glo

- n dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring;
- n dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg;
- n dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;
- n dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien;
- n dat Hy dié wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper;
- n dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek;
- n dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;⁹
- n dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;¹⁰
- n dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes;
- n dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

Artikel 5

Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.¹¹

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid.

9. Deut 32:4; Luk 2:14; Joh 14:27; Efes 2:14; Jes 1:16–17; Jak 1:27; Jak 5:1–6; Luk 1:46–55; Luk 6:20–26; Luk 7:22; Luk 16:19–31

10. Ps 146; Luk 4:16–19; Rom 6:13–18; Amos 5

11. Ef 4:15–16; Hand 5:29–33; 1 Pet 2:18–25; 1 Pet 3:15–18

Begeleidende Brief

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die Ned Geref Kerk-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.
2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.
3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse

leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en verandering sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die Ned Geref Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saam met ons sal wil maak, sodat ons saam kan vry word en saam hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.